FinPrufe Wealth
BlueStar
Finansiële Adviesdienste
gemagtig deur Sanlam

Hoekom FinPrufe Wealth BlueStar?

FinPrufe Wealth BlueStar verskaf kliëntgerigte finansiële advies. As ons kliënt, kan u altyd staat maak op diens wat effektief, onafhanklik, relevant en akkuraat is.

FinPrufe Wealth BlueStar glo dat elke individu belangrik is. Ons is as span daartoe verbind om doeltreffende resultate volgens u behoeftes na te streef. Ons span bestaan uit kundiges op verskeie spesialisgebiede en kan gevolglik 'n eenstopdiens met holistiese oplossings lewer. Omdat ons professionele finansiële beplanners tot u diens stel, kan u staatmaak op betroubare, praktiese alternatiewe om u in staat te stel om goed-ingeligte finansiële besluite te neem.

Ons Sanlam-verbintenis gee u boonop gemoedsrus in die wete dat ons aan al die bedryfs-verwante wetgewing voldoen en dat ons advies gerugsteun word deur hierdie welbekende handelsnaam in die versekeringsbedryf. Betroubare advies word gebaseer op 'n volledige behoefte-ontleding en 'n omvattende finansiële plan wat gereeld hersien word.

Wat word bespreek?

Sanlam en die Predikante Pensioenfonds is vennote en u kan reeds voor aftrede van hierdie adviesdiens gebruik maak. 'n Jaarlikse hersiening van u portefeulje, met aanpassings waar nodig, is deel van ons unieke diens aan u.

Die voor-aftrede adviessessie sal die volgende aanspreek:

- Ontleding van u beleggingsrisiko.
- Beleggingsportefeulje-samestelling in ooreenstemming met u aftreebehoeftes.
- Holistiese beplanning, wat bestaande polisinligting insluit.
- Ander finansiële behoeftes by onder meer dood, ongeskiktheid en aftrede.

Die adviessessie by aftree-ouderdom sal die volgende aanspreek:

- Beskikbare aftreegeld en behoeftes, ten einde inkomste-onttrekking uit die aftree-belegging te bereken.
- 'n Aanbeveling om nie meer as 5% van die beleggingskapitaal as inkomste te onttrek nie en die implikasies van hierdie aanbeveling.
- Volledige inligting om 'n ingeligte vergelyking te kan tref met ander aftree-opsies.
- Belasting-effektiewe aanbevelings vir u unieke omstandighede.

Koste vir u as lid

FinPrufe Wealth BlueStar onderneem om 'n adviesfooi van R4 725 (BTW ingesluit) te hef by elk van die sessies. Die fooi word vir u gerief direk vanaf u fondswaarde verhaal.

Die fooi sal jaarliks hersien word met goedkeuring van die trustees van die Predikante Pensioenfonds.

Die na-aftrede fooi word direk met u as belegger onderhandel. FinPrufe Wealth BlueStar hef 'n deurlopende maksimum adviesfooi van 0.23% van die fondswaarde per jaar. Hierdie fooi dek die koste van advies na aftrede op die In-Fonds Lewende Annuiteit en word jaarliks heronderhandel met die belegger. 'n Minimum fooi van R6 025 en 'n maksimum fooi van R12 075 per jaar geld hier (BTW Ingesluit).

Ander dienste wat FinPrufe Wealth BlueStar kan lewer

- Lewensversekering
- Korttermynversekering
- Boedelbeplanning (wat die opstel van u testament insluit)
- Mediese versekering
- Beleggingsbeplanning (plaaslik sowel as internasionaal)
- Belastingadvies deur ’n geakkrediteerde belastingpraktisyn

Nog nie oortuig?

BlueStar is inderdaad Sanlam se vlagskip finansiële adviesmodel en kombineer die beste aspekte van twee wêrelde. Aan die een kant kan u ’n langtermynverhouding met ’n aangewese adviseur geniet, wat ’n persoonlike benadering verseker. Aan die ander kant het u toegang tot ’n aantal finansiële advieskundiges, almal saam onder een dak. BlueStar bied ’n vernuwende benadering tot finansiële oplossings wat ons kliënte toegang gee tot gerieflike, toeganklike en uiteenlopende kundigheid. Tans is daar 258 Bluestar-besighede in Suid-Afrika met kantore regoor die land wat sal verseker dat u advies ontvang waar u ook al woon. Dit onderskei ons eenvoudig van die res.

FinPrufe Wealth BlueStar is geakkrediteer om advies aan u te verskaf insake die Predikante Pensioenfonds se In-Fonds Lewende Annuïteit en trustee goedgekeurde opsies.

Ons weet dat u u finansiële onafhanklikheid ernstig opneem en, ten einde u finansiële doelwitte te kan verwesenlik, u ’n omvattende, maklik-uitvoerbare plan en ’n enkele dienspunt vir al u adviesverwante sake benodig. Ons is daartoe verbind om die reis saam met u te onderneem. Ons het 203 predikante wat reeds hierdie pad saam met ons stap.

As u dus ernstig is om hierdie belangrike fase van u loopbaan met gemoedsrus te betree, kontak **FinPrufe Wealth BlueStar** sonder verwyl.

Kontakbesonderhede

George de Kock BComm (Hons)
Direkteur
021 880 6636
082 460 3278
george@finprufe.co.za

Alto de Kock CFP®
Finansiële Beplanner
021 880 6608
082 215 6673
alto@finprufe.co.za

André Wethmar CFP®
Senior Finansiële Beplanner
021 880 6618
083 766 6822
andre@finprufe.co.za

Kenny Raats
Parabeplanner
021 880 6609
082 886 5643
kenny@finprufe.co.za

PPF 5.2 – Maart 2022

Sanlam is ’n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.